

# Saterdag 10 Julie

Skrifgedeelte: Jona 4:6-11

Fokusgedeelte: Jona:4:10-11

## Ware liefde wil altyd gee en gee

Hoe is Jona se reaksie van ontevredenheid en kwaadword tog moontlik? Ons lees dan in die Bybel dat God en sy engele oor die bekering van een sondaar juig (Luk. 15:7, 10). By God is daar geduld, en met sy vrae aan sy nors profeet wil Hy Jona uit sy emosionele maalkolk van kwaadwees tot nugtere nadenke lei. Daarvoor gebruik God die skielike opkoms en verdroging van 'n komkommerplant.

Die Here wil 'n belangrike insig vir Jona leer. Hy wil Jona leer wat sy genade regtig beteken. God se genade is 'n vrye geskenk en nie 'n reg waarop jy kan aanspraak maak nie. Dit wys God deur in sy goedheid die plant as skaduwee vir Jona te laat opkom en om dit die volgende dag weer te laat verdroog. Jona tree egter so op asof God hom die plant skuld. Hy moet leer dat God se genade 'n onverdiende geskenk van God is wat jy nie kan afdwing nie. Jona se redding uit die see was genade van God wat hy nie verdien het nie, so ook Nineve wat genade ontvang het. En as Jona dan oor 'n plant besorg is, dan mag die Here tog ook oor 'n groot stad besorg wees – 'n stad wat met hulle onkunde en ongeloof verlore gaan.

So maklik kan jy met 'n lewe wat net jouself raaksien, ook liefde sien as iets wat jy moet ontvang. Jy raak aan voordeelliefde verslaafd en vra net altyd wat jy kan kry en nie wat jy kan gee nie. God se genade en liefde wil altyd gee. Dit moet ons ook nastreef om nie kwaad met kwaad terug te betaal nie, maar om die kwaad te oorwin deur goed te doen. Dit het Jesus aan die kruis vir ons met ons sondige kwaadwees onder die komkommerplant gedoen – net omdat Hy vir ons lief is.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. SJ van der Walt (Kobus) (Emeritus)*